

Woensdag 11 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 1

Fokusgedeelte: Openbaring 1:17

Die Here Jesus is die Eerste en die Laaste en die Lewende

Ons is aan die einde van nog 'n jaar. 'n Jaar met sy harde werk is verby. Hoe lyk die jaar wat ons nou moet ingaan? Dit kan selfs 'n moeiliker een wees as die een wat verby is. Met huiwering erken ons dat ons nog 'n jaar betree waarin ek my God kan ontmoet. Die dag moet tog kom – hoe sal ons die dag voor Hom verskyn? Hierdie dag kom gewis – dalk nog in hierdie jaar. In die voorgelese gedeelte het ons 'n beskrywing van Christus wat as Regter kom.

Ek is die Eerste en die Laaste en die Lewende – Dit oorspan alles. Hierin word die almag van Christus die Regter-God saamgevat. Op die eiland Patmos verskyn Jesus Christus in sy verheerlikte gestalte aan sy vermoeide dienskneg, Johannes. Johannes is na Patmos verban, en hier sit hy in die grootste vertwyfeling, want van al die werk wat hy vir Christus gedoen het, sien hy nou niks. En juis nou, wanneer al die toestande reg is dat hy in twyfel kan verval, verskyn Christus aan hom as

Die verheerlikte Koning – Ons het 'n goeie beeld van Christus as die Man van smarte: van sy geboorte in Betlehem af tot met sy dood op Golgota. Ons ken Christus in sy vernedering. Maar het ons net so 'n goeie beeld van Christus as die Verheerlikte? As Hy nou weer kom, kom Hy om te heers en nie om te ly nie. Hy kom nou in sy verheerlikte gestalte – as 'n Regter. Nog net Johannes het Hom in hierdie gestalte gesien, want hierdie Regter het aan Johannes verskyn om sy verheerlikte gestalte aan hom te openbaar.

Ons moet ook die beeld van die Regter ken om Hom te kan erken as Hy weer kom.

Sing: Skrifberyming 18-3:7

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)